



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 21 APRIL 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 23 MAART 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 Maart 2022 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

4.2/...

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 25 MAART 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 25 Maart 2022 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 13 APRIL 2022

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig en dat rdl A K Warnick as teenwoordig in die betrokke notule aangeteken word.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE 2021/2022-2023/2024 SPESIALE AAN-SUIWERINGBEDRYFS- EN KAPITAALBEGROTING, TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4-2021/2022)

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton, bevestig dat 'n addisionele MIG-toekenning vanaf die nasionale regering ontvang is ten bedrae van R4 000 000 vir allokering aan die Departement: Siviele Ingenieursdienste.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann, gee agtergrond tot die prosesse wat daarmee gepaardgaan om gereed te wees om addisionele MIG-fondse op te neem, onder andere, die vroegtydige voorbereiding vir die registrasie van MIG-projekte.

7.1/...

Die Begrotingsbeheerkomitee het op 19 April 2022 die tegniese aanbevelings oorweeg en word die 2021/2022-2023/2024 Aansuiweringsbedryf- en Kapitaalbegroting aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 28 April 2022)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee dringend vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en verantwoordelike direkteur te oorweeg gegewe die veranderinge;
- (b) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak bedryfsbegroting vir 2021/2022 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite-jare nie;

	Oorspronklike Begroting 2021/22	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2021/22	Tweede Aansuiwerings begroting 2021/22	Spesiale Aansuiwerings begroting 2021/22	Oorspronklike Begroting 2022/23	Oorspronklike Begroting 2023/24
Kapitaalbegroting	166 435 729	166 040 448	166 040 448	170 040 448	132 744 732	136 678 848
Bedryfsuitgawes	911 967 149	951 133 356	953 347 356	953 347 356	983 835 346	1 055 314 274
Bedryfsinkomste	968 875 613	1 007 040 106	1 009 254 106	1 013 254 106	1 048 008 388	1 119 714 984
Begrote (Surplus)/ Tekort	(56 908 464)	(55 906 750)	(55 906 750)	(59 906 750)	(64 173 042)	(64 400 709)
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	47 912 409	48 027 246	48 027 246	52 027 246	45 865 556	50 788 078
(Surplus)/ Tekort	(8 996 055)	(7 879 504)	(7 879 504)	(7 879 504)	(18 307 486)	(13 612 631)

- (c) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2021/2022 finansiële jaar en dat die begrote netto surplus van R7 879 504 onveranderd bly;
- (d) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2021/22 – 2023/24)**;
- (e) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (f) Dat die Dienslewering- en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoreenkomstig gewysig word.

7.2 WYSIGING AAN DIE 2021/2022 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, bevestig dat die Spesiale Aansuiweringsbegroting vir die 2021/2022 finansiële jaar wat onlangs deur die Raad op 31 Maart 2022 goedgekeur is, 'n wysiging aan die SDBIP noodsaak.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2021/2022 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.3 OPSKORTING VAN VOORKEURVERKRYGINGSREGULASIES, 2017: ONTTREKING VAN DIE RAAD SE VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (8/1/B/1)

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton, bevestig dat die Munisipaliteit vrystelling van die Nasionale Tesourie ontvang het ten opsigte van die toepassing van die Voorkeurverkrygingsregulasies, 2017.

Voormelde spruit voort uit die saak, *Minister of Finance v Afrubusiness NPC [2022] ZACC 4*, waar die Hooggeregshof die voorkeurverkrygingsregulasies ongeldig verklaar het.

Gevolgtlik moet die Raad se Voorkeurverkrygingsbeleid onttrek word en dat voorkeurverkryging toegepas word in lyn met die Nasionale Tesourie se goedkeuringsvoorwaardes om vrystelling.

Die Direkteur: Finansiële Dienste adviseer om nie op SALGA se aanbeveling wysigings aan die Voorkeurverkrygingsbeleid aan te bring nie, alvorens daar nuwe regulasies deur die Nasionale Tesourier uitgevaardig word.

Rdl A K Warnick noem dat plaaslike ekonomiese ontwikkeling as 'n fokusarea geïdentifiseer is tydens die onlangse induksie vir wykskomitees, en dat die Raad sal moet kyk hoe om plaaslike entrepreneurs en besighede te bemagtig.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Mei 2022)

- (a) Dat die Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid met ingang van 16 Februarie 2022 teruggetrek en gekanselleer word;
- (b) Dat die 80/20 puntestelsel vir die verkryging van tenders met randwaardes bo R30 000.00 tot R50 miljoen, en die 90/10 puntestelsel vir tenders met randwaardes bo R50 miljoen, tesame met die toepaslike BBBEE-telkaarte, gebruik word vir tenders wat op of na 16 Februarie 2022 geadverteer word (in ooreenstemming met Nasionale Tesourie se vrystelling hierby aangeheg).

7.4 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE 2022 TOT 31 MAART 2022 (8/1/B/2)

'n Verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsiening-kanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Januarie 2022 tot 31 Maart 2022 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag ten opsigte van die implementering van die beleid vir die Voorsieningkanaalbestuursbeleid soos beoog in artikel 6(3) van die regulasies, asook verslae oor die formele tenders (bylae A), informele tenders (bylae B), en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat kennis geneem word van die dienste wat gelewer word vir die periode 1 Januarie 2022 tot 31 Maart 2022, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en daarom 'n afwyking van die verkrygingsprosesse regverdig ingevolge paragraaf 2(6) van die Beleid oor die Voorsieningkanaalbestuursbeleid (Bylae D);

7.5 TENDER L04/21/22: VERVREEMDING VAN BESIGHEIDSPERSELE TE RIEBEEK KANSTEEL (12/2/B)

[Rdl D G Bess verlaat die lokaal vir die bespreking van die item. Dit word verder bevestig dat rdl D G Bess nie betrokke was by enige voorafgesprekke rakende die betrokke item nie.]

Die Raad het op 20 Oktober 2021 goedkeuring verleen vir die vervreemding van drie besigheidsperselle te Riebeek Kasteel.

7.5/...

Die betrokke besigheidspersoneel is onontwikkelde grond en is gesoneer as Sakesone 2: Woonbuurtsake. Die doel van hierdie sone is om voorsiening te maak vir lae-intensiteit kommersiële en gemengde-gebruik ontwikkeling wat in die plaaslike buurt se behoeftes vir gebruiksgoedere en persoonlike dienste voorsien.

Daar is op tender uitgegaan en die aanbiedinge ontvang teen die sluitingsdatum, 4 Maart 2022, is uiteengesit in Aanhangsel A tot die verslag.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat Tender L04.21.22 vir die Verkoop van Besigheidspersoneel in Riebeek Kasteel soos volg toegeken word, BTW uitgesluit:

Erf nr	2364	2365
SS La Meyer		R107 000.00
DG Bess	R70 000.00	

- (b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van die erwe soos per voormelde skedule;
- (c) Dat, sou enige van die goedgekeurde transaksies nie realiseer nie, goedkeuring verleen word dat die volgende hoogste bod aanvaar mag word, totdat die transaksie suksesvol afgehandel kan word;
- (d) Dat erf 2577, Riebeek Kasteel aan Mnr & Mev VJ van Neel te koop aangebied word teen dieselfde prys as die aanbod ontvang tydens die tenderproses, synde R60 000, BTW uitgesluit, met dien verstande dat die koper sal voldoen aan al die vereistes soos vervat in die tenderdokumente.

7.6 TENDER L03/21/22: VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (KERKPERSEEL) TE RIEBEEK KASTEEL (12/2/B)

Die Raad het op 20 Oktober 2021 inbeginsel goedkeuring verleen vir die vervreemding van 'n kerkperseel te Riebeek Kasteel.

Daar is slegs een tender ontvang tydens die tenderproses wat gediskwalifiseer is, aangesien daar nie voldoen is aan die tendervereiste om 'n voorgestelde Ontwikkelingsplan saam met die tenderdokumente in te dien nie.

Rdh T van Essen versoek dat die voorkeepsvoorwaardes op kerkpersele heroorweeg en streng toegepas moet word om te voorkom dat kerkpersele van die vele oopruimtes raak waarop onwettige vullis gestort word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word dat die tender wat ten opsigte van Tender L03/21/22 ontvang is, gediskwalifiseer is vir die rede soos gemeld in die verslag, en dat die betrokke tenderaar dienooreenkomstig in kennis gestel is;
- (b) Dat daar verder kennis geneem word dat tenders mettertyd weer gevra sal word vir hierdie eiendom.

7.7 VOORGESTELDE AFSLUITING VAN STEGIE TUSSEN FONTEIN- EN DELPHINIUMSTRAAT, DARLING (15/3/1)

'n Petisie is ontvang vir die sluiting van 'n gedeelte van die stegie tussen Fontein- en Delphiniumstraat, Darling.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, bevestig dat daar 'n serwitut geregistreer is oor Erf 2063, Darling (stegie) vir doeleindes om die rioolpylyding te beskerm en nie as 'n deurloop vir die publiek nie.

7.7/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die sluiting van 'n gedeelte van die stegie tussen Fontein- en Delphiniumstraat, Darling soos aangetoon op Aanhangel B tot hierdie verslag;
- (b) Dat oorweging daaraan verleen word om die projek as 'n wyksprojek te hanteer vanuit die kapitaalbegroting wat aan wyk 6 toegeken is.

7.8 OORSKRYDING VAN ERFGRENS: ERF 7551, MALMESBURY (15/3/1)

'n Bouplan is ingedien vir veranderinge aan die bestaande besigheidperseel op Erf 7551, geleë te Voortrekkerweg, Malmesbury wat onder andere die verbreding van die bestaande stoepingang insluit.

Die stoepingang (± 8 m² groot) is reeds ongemagtig opgerig en oorskry die erfrens en word 'n oorskrydingsooreenkoms vir die betrokke gedeelte benodig alvorens die bouplan vir goedkeuring oorweeg kan word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat goedkeuring verleen word dat die oorskrydingsooreenkoms soos vervat in Aanhangel B met SKH Beleggings (Edms) Bpk, eienaar van erf 7551, Malmesbury gesluit word vir 'n termyn van tien jaar, ten bedrae van R120,00 plus BTW per jaar.

7.9 HUUROORENKOMS: SWARTBERG TRUST, MOORREESBURG (15/4/6)

Die Raad het 'n huurooreenkoms met Swartberg Trust vir die bedryf van Informasie- en Kommunikasietegnologie (IKT)-infrastruktuur op 'n gedeelte (groot ± 300 m²) van die plaas Swartberg 331, geleë in die omgewing van Moorreesburg.

Die huurooreenkoms verstryk op 30 Junie 2022 en het die IKT-afdeling aangedui dat die voortgesette bedryf van die infrastruktuur – op die spesifieke ligging – noodsaaklik is vir dienslewering.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Raad die aangaan van 'n huurooreenkoms met Swartberg Trust vir die huur van 'n gedeelte van die plaas Swartberg 331 vir die voortgesette bedryf van sy IKT-infrastruktuur soos volg goedkeur:

- (a) 'n huurooreenkoms vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2025 teen betaling van huurgeld van R1 786.52, plus BTW, per maand en wat jaarliks met 6% eskaleer, asook 'n opsie om die huurooreenkoms daarna te mag hernu.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: MAART 2022 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton, noem dat daar die afgelope nege maande daarin geslaag is om die betaalsyfer na afloop van die Covid-pandemie vanaf $\pm 95\%$ na 98% te verbeter. Die ideaal is dat die betaalsyfer meer as 100% moet wees, want dan word agterstallige skuld ook betaal. 'n Verdere voordeel van 'n gunstige betaalsyfer is, met die oog op die meerjarige begroting, dat daar minder vir slegte skuld voorsiening gemaak kan word.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat daar tans 'n opname gemaak word onder alle deernishuishoudings om die aantal huishoudings, strukture (ingesluit tipe struktuur) en inwoners op 'n perseel te bepaal.

7.10/...

Daar is slegs 130 deernishuishoudings wat nog oor 'n konvensionele elektrisiteitmeter beskik, maar sal 'n kapitaalprojek geregistreer moet word om dit met 'n voorafbetaaltipe elektrisiteitmeter te vervang.

Op versoek van rdh T van Essen, dat amptenare wat agterstallig raak met hul munisipale rekeninge dringend aangespreek moet word, bevestig die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, dat dieselfde gedragskode van toepassing is op amptenare as op raadslede, naamlik dat die munisipale rekening nie vir langer as drie (3) maande agterstallig mag wees nie.

Me Terblanche noem verder dat 'n opinie vanaf SALGA verkry is aangaande die verpligting, by wyse van die dienskontrak, op amptenare om 'n aftrekorder ten gunste van die Munisipaliteit te registreer om die bedrag van die munisipale rekening direk vanaf die salaris te verhaal en het SALGA aangedui dat dit nie afdwingbaar gemaak kan word nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Maart 2022.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: MAART 2022 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Maart 2022 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.12 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder moet by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aansoek doen om verlof en word derhalwe -

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae in beginsel goedgekeur word, naamlik:
 - 27 Junie 2022 – 8 Julie 2022 (10 dae), met inbegrip daarvan dat dit weens omstandighede mag verander, na oorlegpleging met die Uitvoerende Burgemeester;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat vir die tydperk vanaf 27 Junie 2022 tot 8 Julie 2022 die waarnemende Munisipale Bestuurder nader aan die verloftydperk aangewys sal word.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**